*Prof. D.H. Steenberg*
*Departement Afrikaans-Nederlands*

# STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE: WAAROM?

*Sy* woorde laat super-novae uitbars, blink,
blink en straal deur ringe en lig-ure.
Maar die blink die word deur óns gesien:
anders nooit en nooit as blink geweet nie.
(N.P. van Wyk Louw (uit *Groot ode*, TRISTIA)

*Om te wil weet*, is een van die belangrikste dryfkragte in 'n mens se lewe, en sekerlik dié strewe wat van jou 'n wetenskaplike maak. As 'n mens vir die *ons*, waarvan die spreker in die aangehaalde verse hierbo één is, *digters* of *kunstenaars* lees, dan laat die digter en dus die letterkunde 'n mens iets op 'n besondere manier wéét, laat dit jou op 'n besondere manier iets erváár.

Nou is dit eienaardig dat min gevra word waarom 'n mens wiskunde of natuurkunde of taalkunde bestudeer. Die taalkunde bring kennis van die taal mee, en die taalkennis stel 'n mens in staat om te kommunikeer met ander mense, en deur die kommunikasie kan 'n mens ander mense beïnvloed, en jou só laat geld. Die taalkunde het *nut*, al is dit nie die eerste doel van die studie daarvan om te leer kommunikeer nie.

**Maar die letterkunde?**

Vir so baie Afrikaners is die letterkunde nog iets nutteloos of kinderspeletjies, blote stories vir tydverdryf, versies vir opsê of tonele vir vermaak of 'n voorgeskrewe boek wat onder dwang gelees word!

Mense wat so redeneer, ag nie die letterkunde hoog nie, of, soos dit in wetenskaplike taal heet, valueer nie die letterkunde nie, dikwels selfs al het hulle aanleg vir die studie daarvan. Miskien is dit te wyte aan 'n materialisme wat 'n sterk greep op ons bevolking het, of van die snelle ontwikkeling van die tegniek in die industriële wêreld of doodgewoon die gebrek aan 'n geskikte onderwyser of twee om die potensiaal van letterkundewaardering of letterkundeskepping in 'n seun of dogter wakker te maak. Dit kan ook toegeskryf word daaraan dat dit soms makliker is om sin te hê in die meer konkrete van 'n chemiese eksperiment of 'n teorie oor geld as om vat te kry aan die abstrakte van die letterkunde. En tog is daar steeds diegene wat ,,webbe onder water sien roer" soos E. Eybers sê van hulle wat 'n ander werklikheid soos dié van die taalkunswerk wil peil.

**Wat is 'n literêre werk dan?**

Dit is een van die hoogste kultuurprodukte van 'n gemeenskap, wat ons betref, van die Afrikaanse taalgemeenskap. In die taal van die gedig, drama of prosawerk is ervaring saamgepers wat die leser wat daarop ingestel is, roer. Daarom word die skrywer dikwels klankbord van sy mense genoem. Hy vang die essensie op van wat om hom aangaan en eggo dit in taal na die samelewing terug. Daarom word die roman onder andere dikwels spieël genoem wat 'n sekere tydgees weerkaats: in *Bart Nel* die verwydering tussen mense teen die agtergrond van die Rebellie; in *Reisigers na nêrens* (Willem van den Berg) die leed van die verdwaalde nuwelinge in die grootstad, of die allesoorwinnende mag van die liefde in die omstrede tragikomiese drama *Christine* van Bartho Smit.

Of 'n woordkunstenaar kan bloot eenvoudig en speels die wonder van die skepping ontdek en dit vasvang in 'n woordvonds, soos onder die titel van die volgende kwatryn van Sheila Cussons:

*Bevlieging*
U het die aasvoël vaal bedink
geel die kanarie en grys die vink
en toe van gerymdheid meer as vol
maak U 'n roomys van die flamink.

Die Nederlandse digter Pierre du Bois het al die woordkunstenaar met 'n by vergelyk, wat die duursamer sap uit die verganklike blomme in sy omgewing suig en dit dan omwerk tot heuning. So kry die taalkunstenaar die stof vir sy kuns uit die alledaagse veranderende werklikheid en werk dit om tot iets wat duur en bly bekoor.

As omgewerkte ervaring is 'n letterkunde die hoogste kultuurproduk waartoe 'n taalgemeenskap in staat is en bevat dit dikwels juis dit wat die bestaan van die gemeenskap ten nouste raak. Wat is die slot van die versdrama *Voëlvry* van D.J. Opperman byvoorbeeld anders as uiting van die nood van 'n verguisde pioniervolk uitgedruk in die woorde van Louis Trichardt?

„Ons volk is in die wêreld voëlvry verklaar –
kyk hoeveel gewere is daar om ons heen,
ook die Here se onsienlike krygstuig".
...
Al ons sorg en moeite was vergeefs ... vergeefs gewees.
Of, o Grote God, skep U party volke
dat u deur hulle heen U skepping kan verken,
dat hulle eerstelinge van u groei moet wees?
Die vure brand. U wil geskied. Amen."

In 'n letterkunde is 'n hele skat om te ontsluit.

**Letterkunde anders as gewone kennis**

Genieting van die woordkuns is meer as blote kennis; dit is ervaring van wat in woorde omgesit is – woord en wete één; daarom laat die letterkunde sy student selde onveranderd. Met die digter of skrywer verower hy berymde ervaring uit die ongerymde werklikheid, soos Ernst van Heerden dit uitdruk:

„My pen dring aan
op wysheid
oor die vaderland,
die kuns, die liefde:
berymde eensaamheid
van een wat min van al dié dinge weet.
Maar die ongerymde
werklikheid wil sê:
oor die rondings van ons eie
wit-blou ster
loop bokke van ons hoop
vervaard en val
soos fakkels
in die brandende heelal.
(*Fantasie* uit *Tyd van verhuising*)

**Voordelige spel: letterkunde en geesteswetenskap**

Studie van die letterkunde is ontsluiting en sistematisering van wat dikwels spel met woorde is en nie sonder oefening van die eie verbeelding gehanteer kan word nie. Dit is terselfdertyd studie van die estetiese ontginning van die taal én van unieke insig in die alledaagse werklikheid. Benewens die insig in die werking van die literêre kunswerk bring dit ook 'n onmiskenbare geestelike weerbaarheid, want die letterkunde is op sy eie wyse menslike swaard van die gees. Veral omdat in ons tyd die prosawerk of drama of gedig dikwels 'n swaar lading denke dra, soos die satiriese verse van M.M. Walters, die prosa van Etienne Leroux en André P. Brink, die verse van Breyten Breytenbach en dramas van Bartho Smit, en nog meer.

As studie van omgewerkte, geordende ervaring bevorder die literatuurstudie nie net die estetiese of kulturele vorming van die student daarvan nie, maar is dit inderdaad een van die middele tot geesteswetenskaplike vorming.

Min ander studieterreine bied so ten volle die geleentheid tot ordening en deurdink van die persoonlikste ervaring en hantering van die woord, wat tog die ryke medium van die studiestof van die letterkundestudent is. En langs hierdie weg van wik en weeg en waag lê die roeping vir elkeen wie se gees op hierdie golflengte ingestel is, soos Sheila Cussons iets daarvan vaslê in haar gedig *Die wond wat dink:*

„As ek nie onkundig was nie
sou ek nie kon dink nie, en dit
is 'n avontuur wat ek nie sou wou ruil
vir die alwetendheid nie
gestel dat ek kon kies: en kiés:
dié wik en weeg en waag is nóg
'n opwinding wat die alweter
nie kan ken nie."

**